

HOOFSTUK II

DIE VEELVULDIGE GEBRUIK VAN DIMINUTIVA

Naas enkele uitsprake hieroor wat reeds aangehaal is, volg hier nou die resultate van my ekserpering van 'n groep Afrikaanse prosaïste,³⁵⁾ wat heel duidelik die besondere geneigdheid van minstens die vernaamste Afrikaanse prosaskrywers aantoon; — vir die spreektaal is so iets ongelukkig moeilik te doen.

Mede omdat getalle reeds genoem is as moontlike basis van vergelyking tussen Nederlands en Afrikaans,³⁶⁾ wil ek hier graag enigsins uitvoerige syfers gee.

By die meegaande tabel is 'n paar opmerkinge nodig alvorens tot die bespreking van besonderhede oor te gaan. (i) Daar is gebruik gemaak van die omskrywing „bundel met minimum” en „bundel met maksimum”. Dit beteken dié bundel — uit 'n groep van elke auteur apart genome —, waarin die minste, respektieflik meeste, (a) verskillende en (b) kere van 'n fakultatiewe gebruik van, diminutiva voorkom. Dit wil sê dat geen bundel van 'n bepaalde skrywer minder (resp. meer) diminutiva bevat as dié wat onder die hoof „bundel met minimum” (resp. maksimum) aangegee is nie (kol. C en H). (ii) Vir die doel van vergelyking met byvoorbeeld Nederlands gee die tabelle te veel syfers aan, maar dit word tog gegee, meer bepaald dan om die verhouding diminutiefgebruik: vocabulaire. Daarom gee ek sowel die getal van die verskillende vormvastes as die getal van die verskillende nie-vormvastes of fakultatiewes —

³⁵⁾ Kyk lys op bls. 131 vlg. hiervan.

³⁶⁾ Nienaber t.a.p. bls. 73.

kolomme D, E, en I, J—, en; ter vasstelling van daardie verhouding, dus ook die groottotaal kere dat diminutiva van enige soort aangewend word—kolomme G en L. (iii) Kolomme M en N toon die vocabulaire gebruiksuitgebreidheid van diminutiva by die verskeie skrywers. (iv) F en K gee wat eventueel met Nederlands sou moet vergelyk word, naamlik die getalle van dié gevalle waarin die diminutiefgebruik fakultatief is. Hierdie punt vergenigsins nadere uiteensetting. In 'n ander verband gee ek later aan (p. 67) wat myns insiens die enigste werklik bevredigende metode van getalle-berekening sal wees vir sover dit die diminutiefgebruik van die hele taalgemeenskap in al sy uitinge aangaan. Waar dit hiér nou eers net om die letterkunde gaan, die volgende: (a) gevalle van fakultatiewe diminutiefgebruik is die enigste wat by „tel” aangewend kan word, omdat alle ander vorme gebruik móet word onder dwang van hul vaste vorm, byvoorbeeld koppie (drinkding) en kappie (kledingstuk). Dit kan ook genoem word—soos ek ook elders doen—'n saak van vocabulaire. Dit sluit in dat vir dusdanige vergelyking, sê maar tussen Afrikaans en Nederlands, ook vertalings heeltemal misleidend sal wees weens die dwang van die oorspronklike taal. By die fakultatiewe gevalle moet dan egter nog 'n verdere deduksie gedoen word, naamlik gedinueerde eiename, omdat die byrekening daarvan in bundels wat oor mense handel—waarin dié name keer op keer herhaal word—'n hoegenaamd skewe voorstelling gee as die groottotaal daarvan vergelyk word met dié uit 'n bundel wat bv. oor diere—met meestal geen vaste, herhaalbare name nie—handel. (b) Ter vasstelling van welke gevalle fakultatief is, is nodig vry noukeurige kennis van die taalgebruik in dese, wat egter alleen in sommige gevalle vir Nederlands aangeteken is, te wete in die W.N.T. Dit is die rede waarom ek nie ook Nederlands op uitvoerige skaal geëksrpeer het nie: dat dit my nl. lank nie altyd moontlik is om te bepaal wanneer

die gebruik fakultatief en wanneer vormvas en dus verpligtend is nie. Waar in hierdie verhandeling dus tóg Nederlandse bundels genoem word, gebeur dit met die nadruklike vermelding hiér dat die syfer vir die „getal kere dat die gebruik fakultatief is” nié as min of meer honderd persent reg aanvaar mag word nie.

Die laaste opmerking t.o.v. Nederlands geld selfs gedeeltelik van Afrikaans, nl. in dié woorde waarby die primitivum tóg nog met dieselfde betekenis aangewend word, byvoorbeeld kleinigheid(jie), sterretjie, engeltjies e.d.m. In sulke gevalle het ek die gebruik as vormvas gereken.

(c) Terwyl dit hier om die tel van woorde gaan, nog dit: onder woorde het ek hier verstaan elke aparte klankgroep wat, histories verwant aan identiese of onidentiese andere of nie, 'n aparte (verskillende) betekenis, *in vaste verband*, dra. *Koppie* in die sin van „'n deel van 'n berg”, „'n drinkding” en 'n „deel van enige ander voorwerp” tel dus vir drie. Waar dit blykbaar egter bloot 'n spellingverskil geld — miskien as gevolg van 'n verskil in uitspraak of woordvorm — soos by koppetjie en koppietjie, is dit getel as een.

(d) Om tweërlei redes gee ek nie die syfers vir alle bundels nie, eerstens om die drukruimte en veral die koste van tabelle-druk, en tweedens omdat vir my doel alleen nodig is: gegewens om algemene neigings van af te lees, en hiervan gee die tabel wat volg, met alleen laagstes en hoogstes by elke skrywer, 'n heeltemal voldoende idee vir moontlike lesers hiervan. In die bespreking van afsonderlikhede word dan allerlei verdere informasie gegee.

In wat verderaan 'n „grootgroslys” genoem word, het ek aangeteken alle verskillende diminutiva, fakultatief en vormvas, wat voorkom in die lys van geëkserpeerde bundels hieragter genoem, met 'n totaal van 1759. Daarby is ook aangeteken by welke skrywer elke woord voorkom. Daardeur het die lys egter so lywig geword dat dit onmoontlik is om dit te publiseer,

A.	B.	C.	D.	E.	F.	G.
Skrywer.	Getal Bundels geëkspeer.	Bundel met minimum.	Verskillende vormvastes.	Verskillende nie-vormvastes.	Getal kere dat gebruik fakultatief is.	Getal kere dat dimi- nutiva van enige soort gebruik word.
Hobson, G.C. en S.B.	5	Voorposte :	4	58	82	90
Jonker, A. H.	6	Kanker :	8	91	141	152
Langenhoven, C. J.	33	Nasaret : *	4	54	70	77†
Leipoldt, C. L. . . .	5	Lyk :	8	50	131	153
Malherbe, D. F. . . .	5	Moab :	3	5	6	9
Marais, E. N.	2	Vier Winde:	22	106	154	246
Maré, L.	2	Lemoene :	22	166	271	301
Mikro	3	Pelgrims :	10	82	232	264
Mostert, D.	2	Slegtkamp :	10	174	636	795
Sangiro	3	Diamant- koors :	10	180	334	387
Serfontein, E.	3	Honde :	20	120	242	305
v. Bruggen, Joch. . .	9	Booia :	20	53	62	89
v/d Heever, C. M. . .	7	Somer :	5	65	126	132
v. Melle, J.	3	Oom Freek:	15	80	164	320

* „Elia” is eintlik die bundel met die minimum by Langenhoven, maar omdat dit ’n onvoltooide werk is, kan dit hier nie gereken word nie.

† Poësie nie bygereken nie. Eiename is nêrens bygereken nie.

H.	I.	J.	K.	L.	M.	N.	O.
Bundel met maksimum.	Verskillende vormvastes.	Verskillende nie-vormvastes.	Getal kere dat gebruik fakultatief is.	Getal kere dat dimi-nutiva van enige soort gebruik word.	Groot-totaal verskillendes per skrywer.	Groot-totaal ver-skillende nie-vorm-vastes per skrywer.	Skrywers op grootgroslys gemerk.
Geluksvlei ..	32	137	211	290	323	279	Ho.
Plaasverdeling	30	217	606	797	485	438	J.
Mof.. ..	9	146	283	308	753	698	L.
Galgsalmander	38	150	204	295	340	302	Le.
Skipper	30	144	189	316	227	179	M.
Mier	9	127	266	341	190	164	Ma.
Nuwejaarsfees	61	315	921	1,197	385	321	Me.
Toiings	21	125	310	371	245	201	Mi.
Petaljes ..	33	271	741	934	418	368	Mo.
Safari	19	184	467	566	340	311	S.
Verhale ‡ ..	4	84	296	350	233	209	Se.
Ampie I ..	18	204	417	491	509	440	B.
Grootpad ..	25	227	543	689	474	417	H.
Booyesen.. ..	24	95	289	471	175	151	Mel.

‡ Hierdie geval word in die verhandeling bespreek.

aangesien dit hierdie werkie met ongeveer 'n derde van sy huidige volume sou vermeerder het—iets waarvan die koste buite alle verhouding tot die waarde daarvan sou staan. Die lys word dus aan die Universiteitsbiblioteek van die Universiteit van Stellenbosch oorhandig ter insage vir wie daarin nadere belang mag stel.

Terloops net nog dié opmerking: ek het aanvanklik ook die oog gehad op 'n lys diminutiva wat in elke bundel van elke gelese auteur voorkom. Persoonsname daargelate het egter by die eerste die beste auteur reeds geblyk dat my resultaat, met uitsondering van die vormvaste *bietjie*, andersins presies nul is—dus 'n verdere aanduiding, en ek meen byna tot oormaat van duidelikheid as ons die groot getalle wat volg, bekyk, van hoe 'n verskeidenheid en hoe veelvuldig diminutief-gebruik in Afrikaans voorkom.

BESPREKING VAN, EN NADERE TOELIGTING

BY DIE TABEL:

Soos uit die volledige literatuurlys³⁷⁾ sal blyk, het ek alleen prosa geëkserpeer. Daarom word daar alleen 33 van Langenhoven se bundels genoem. Verder het ek verhale *vir* kinders uitgesluit, byvoorbeeld Die Ruiters in die Nag van Mikro en Sita se kinderboek—dus natuurlik ook alle kleuterboekies soos bv. dié van Helena Lochner—, omdat die taal daarvan nie altyd normale, volwassene-prosa is nie.

Gedeeltelik op grond van die ondersoek, waarvan die resultate by wyse van syfers in die onderstaande tabel aangegee word, meen ek dat die vraag van Dr. Hoge³⁸⁾ nou beantwoord kan word, naamlik: „of die neiging om verkleinwoorde te gebruik in die Afrikaanse letterkunde aan die toeneem of aan die afneem is, en in hoever skrywers in hierdie opsig

³⁷⁾ Kyk bls. 131 vlg. hiervan.

³⁸⁾ T.a.p., voorwoord bls. 3.

verskil." Ek behandel eers die eerste deel van die vraag.

Neem ons as ouere groep Van Bruggen, Langenhoven, Leipoldt en Malherbe vind ons 'n hoogste maksimum verskillende fakultatiewes (kol. E en J) vir één bundel van 204 (Ampie I), teenoor 'n ooreenkomstige berekening van 315 (Die Nuwejaarsfees) as maksimum op die res van die skrywers, of — as ons Maré tot die ouer groep wil reken, 271 (Petaljes) vir die groep Van den Heever, Jonker, Mikro, Mostert, Serfontein, ens. Só beskou sou ons kon sê dat die gebruik van diminutiewe in die Afrikaanse letterkunde aan die toenêem is, óók as ons teenoor die laagste maksimum van 127 (Mier) die hoogste minimum van 180 (Diamantkoors) stel. Daaraan kan ons byvoeg dat ook in die nuutste bundels van jong skrywers ³⁹⁾ ànder as dié van die tabel, heel veel diminutiewe voorkom, byvoorbeeld Friedenthal, Ellenberger, T. C. Pienaar, W. C. Kamp en Hettie Smit. Laasgenoemde se Sekelmaan bevat 259 verskillende diminutiva.

Teenoor àl die getalle kan egter ook gestel word die laagste minimum, naamlik 5 (Moab), wat dan sou dui op 'n reusagtige, en snelle! afname, te meer as bedink word dat Nuwejaarsfees in 1918 verskyn het en Moab in 1933. Syfers s.m. kan egter baie maklik misbruik word. Want vergelyk ons met Moab die laagste minima van ander bundels, staan Booia, Lyk en Nasaret die naaste daaraan, met onderskeidelik 53, 50 en 54, en van die res is daar ses met bo 50 elk en vier met bo 100 elk. Ook as die getal bladsye van Moab (249) in aanmerking geneem word, staan dié geval hoegenaamd alleen, want Nasaret het 54 versprei oor 113 bladsye, Booia 53 op 162 bladsye en Lyk 50 versprei oor 220 bladsye.⁴⁰⁾ In elk geval kom die getalle van almal saamgenome my voor as vry

³⁹⁾ Kyk bls. 134 hiervan, lys C.

⁴⁰⁾ In hoeverre die gebruikmaking van diminutiva bepaal word deur styl en tema, word verderop bespreek.

aansienlik, te meer nog as die groottotaal verskillendes (kol. M) ook daarby in aanmerking geneem word. Ons vind hier naamlik 'n maksimum van 753 (Langenhoven) en 'n minimum van 175 (Van Melle) in die groslyste.

Opm. Die getal by Van Melle is laag omdat een van sy drie bundels, naamlik Bart Nel, deels in Nederlands, deels in Afrikaans geskrywe is. Die Nederlandse diminutiva is natuurlik nie by die Afrikaanse lys gevoeg nie, sodat woorde soos eilandje, onenigheidje, poosje en snikje daarin ontbreek hoewel hulle in die Nederlandse gedeeltes voorkom.

Die mees treffende is egter die „getal kere dat gebruik fakultatief is” (kol. F en K). Soos kan verwag word, staan Moab ook hiér weer alleen, nl. met 6, d.w.s. net één diminutief word herhaal en dit ook net een keer. Laat ons dit tersy, kry ons die volgende: bundel met kleinste minimum: Booia: 62, grootste minimum: Slegtkamp: 636, kleinste maksimum: Skipper: 189, grootste maksimum: Nuwejaarsfees: 921. Aan die kant van die minima is daar net vier met onder die honderdtal, aan die kant van die maksima net een met onder die tweehonderd, en ses (uit veertien) met bo die vierhonderd. Verdere informasie is direk van die tabel af te lees. Hier nog net dit: as ons alle bundels saam bereken, dus nié net dié wat op die tabel genoem word nie, is my bevinding dat in 79.6% daarvan tussen 2 en 4 maal soveel keer verkleinwoorde gebruik word as die getal verskillendes, in 17% tussen $1\frac{1}{2}$ en 2 keer soveel, en alleen in drie gevalle, gelyk aan 3.4%, 1 tot $1\frac{1}{3}$ keer soveel. Die tweede laagste naas Moab is Elia met 23, en die tweede hoogste naas Nuwejaarsfees, Petaljes met 741.

Ek meen dat dit voldoende bied om te kan dien as basis ter vergelyking met byvoorbeeld Nederlands.

Op grond van al hierdie getalle meen ek te mag aanneem dat die diminutiefgebruik in ons vernaamste prosa van 1914 (Weg Wêreld) tot 1937 (o.a. Sekelmaan) besonder lewendig is. Daarmee wil egter nog nie gesê wees en is ook nie bewys dat die gebruik toeneem nie — daarvoor is vergelyking met 'n vroeër periode van ons letterkunde nodig. Om dus die eerste gedeelte van die aangehaalde vraag van Dr. Hoge te kan beantwoord, het ek die literatuur van die tabel beskou as één groep en toe spesiaal die vernaamste ouere Afrikaanse prosa ⁴¹⁾ geëkserpeer om minstens 'n gedeeltelik ^{a)} historiese lyn te kry. My bevinding is dat daar nie gesê kan word dat die gebruik toe- of afgeneem het nie.

Die enigste wat in verband met die ouere groep spesiaal te konstatere val, is dat (a) onder aanwysbaar Nederlandse invloed by „Oom Jan” soms 'n primitivum voorkom waar ons vandag altyd 'n diminutief gebruik, en (b) De Waal meer dikwels as enig ander moderne Afrikaanse auteur 'n diminutief aanwend waarvoor ons geen aanleiding kon vind nie — wat dus as klakkelose gewoonte-gebruik aangesien kan word. Van toe- of afname in diminutiefgebruik sedert die end van die 19de eeu kan daar egter geen sprake wees nie want, om maar twee syfers te noem, *Johannes van Wyk* bevat 418 keer diminutiva, waarvan 343 fakultatief, en *Die Koningin van Skeba* 215 keer diminutiva, waarvan 156 fakultatief.

Hiermee is die veelvuldige diminutiefgebruik in die Afrikaanse literatuurprosa myns insiens genoegsaam bewys. Tog is daar nog veel ruimte vir uitbreiding — wat nie bedoel word as 'n pleidooi daarvoor nie — as bedink word dat (a) die grootgroslys op verre na nie alle gevalle bevat wat in Afrikaans bestaanbaar

⁴¹⁾ Kyk lys op bls. 134 hiervan.

^{a)} Na hierdie beskrywende gedeelte word in die verklarende gedeelte, waar dit nodig word, verder terug verwys na die 17de eeu.

is en dikwels gehoor word nie, en dat (β) selfs nie die relatief gesproke beperkte getal van die hele grootgroslys by één skrywer voorkom nie. Langenhoven is die naaste daaraan met ongeveer die helfte van die getal. Daar moet dus gekonstateer word dat die spreektaal heelwat ryker is aan diminutiva dan die reeds goed belade prosa — vergelyk hiervoor bv. die lys vormvastes.^{b)}

Ons kom vervolgens tot die vraag na die „waarom?” van die gesketste gebruiksveelheid by die groep as geheel en van die gebruiksbeperktheid in individuele en uitsonderlike gevalle.

GEBRUIKSOMSTANDIGHEDE:

I: *Betekenisaspekte:*

Wat die betekenisleer betref, dien die diminutief in Afrikaans veral ter regstreekse aanduiding of ter (be)geleiding van 'n gevoel van kleinheid, geringheid, onbeduidendheid, beskeidenheid, vertroulikheid, simpatie, liefkosing en vreugde — almal nou-verwante begrippe — en soms word dit eufemisties en minagkend aangewend.⁴²⁾

Daar moet op gewys word dat hierdie reeks op verre na nie volledig is nie: hulle verteenwoordig alleen die mees voorkomende, d.w.s. volgens die werk van Dr. Hoge sowel as volgens my eie nalesing. Daar is talle ander moontlikhede, wat ek hieronder noem nuanse-moontlikhede, waarvan ek ter aanvulling van Dr. Hoge se lys enkele wil gee.

In die kern van die saak het die diminutief in Afrikaans net drie grondwaardes: kleinheid, amelioratiewe gevoelswaarde en pejoratiewe gevoelswaarde, en alle skakeringe kan hieronder tuisgebring word. Onder eersgenoemde kan dan nog kom — ek kompleet nou net enigsins Dr. Hoge — (a) aanduiding van

^{b)} Kyk bls. 78 vlg. hiervan.

⁴²⁾ Hoge t.a.p. bls. 14 vlg.

allerfynste besonderhede: „elke draaitjie en hoekie en gaatjie van die vissersbedryf leer ken” (Skipper, bls. 72); „elke gleufie en skrefie, daar het geen enkele voetgangertjie nog oorgebly nie” (Moleste); (β) kleinheid en figuurlike gebruik saam (of juis om die figuurlike?): „diamantjies in die gras” (Verre Dae, bls. 327); „skoffie van ’n nuwe lewe” (Plaasverdeling); (γ) ’n diminutief ter versterking van die grond-begripswaarde van ’n woord (hier veral bywoorde): „hy het my so bynatjies toegetrap” (Verbygerolde Dae, bls. 39). Hier, d.w.s. by adverbial, het ek gevind dat die diminutief in die meeste gevalle nie dieselfde waarde het as die grondwoord nie — soos Dr. Hoge⁴³) wil; (δ) in vergelykinge kan, by ontstentenis van augmentativa in Afrikaans en by die soms nie heeltemal bevredigende van *groot* en *groterig*, juis deur ’n diminutief van iets groots ’n ongewone groot omvang van iets kleins aangedui word — so byvoorbeeld waar Langenhoven praat van „’n geweer wat lyk soos ’n jong kanonnetjie” (Sonde, bls. 48). Dit sluit myns insiens goed aan by die veelvoorkomende tipe geval waar ’n bepaalde omvang juis geaugmenteer word deur teenstelling met ’n diminutiewe, so byvoorbeeld waar Ampie sê: „Dit was kwaai kwessies daardie, vergelyk by hierdie kwessietjie”. Terselfdertyd moet daarop gewys word dat ’n mens lank nie altyd kan begryp waarom ’n diminutief in die een geval wêl en in ’n soortgelyke en gelykstaande ander geval nié gebruik word nie; so byvoorbeeld waar Abel Coetzee dit het oor ’n spinnekop wat sy sydraadjies aan ’t span is: „Met die twee *voorpootjies* hou hy aan die middelpunt vas; met die een middel- en die een *agterpootjie* hou hy sy afstand; en met die ander middel- en *agterpoot* word die sydraadjie uitgeryg...” (Skimme van die Goudstad, bls. 29). Ek kan nie insien dat hier ’n augmentatiewe bedoeling is nie en kan dit dus alleen aanvaar as ’n verdere bewys van

⁴³) t.a.p. bls. 19.

die dikwels ongemotiveerde en redelose (?) voorliefde van Afrikaners vir die diminutief, wat ons ook met soveel kwistige oordaad vind o.a. by Dirk Mostert — 'n soort aanwending wat maklik lei tot waardelose fraiings en krulle.

In regstreekse teenstelling tot die laaste soort geval wil ek hier net één gee om aan te dui hoe die begripswaarde van 'n hele sin soms moeilik los te maak is van die gevoels- en begripswaarde van 'n bepaalde diminutief, ook al word die gevoelswaarde bepaal deur die gevoelsaard van die hele verband. Hans sê vir Meester (Skipper, bls. 128): „Meester weet mos al die visgeldjies glip sommer in die maag in.” Hier is die bedoeling dat die geld min is, vir sy eie behoeftes. Vervang dit egter deur „visgeld”, dan is dit dadelik ook 'n erkenning van onoordeelkundigheid in die aanwending van daardie geld.

Aan die gevoelskant is dit dikwels moeilik om uit te maak of met 'n diminutief iets bepaalds bedoel word of nie. Om 'n voorbeeld uit die Bybel te neem: nadat die vrou van Bahúrím vir Jónatan en Ahímaás op haar werf laat wegkruip het vir die dienaars van Absalom, het sy vir die dienaars gesê die twee manne van Dawid „het die watertjie deurgegaan”, naamlik by die fontein Rogel. Maar toe die twee spioene veilig by Dawid kom, het hulle hom aangeraai: „Maak julle klaar en trek gou die water deur...” (2 Samuel 17:20, 21). Deur alleen bv. 'n Nederlandse vertaling te raadpleeg, word dit ons nog nie duidelik nie, want Nederlands het in die eerste geval „waterriviertje” en in die tweede „water”. Die Hebreeuse teks het onderskeidelik: Michal Hamäim (Letterlik: spruit van die water) en Hamäim (water), — 'n voorbeeld wat tot versigtigheid moet noop by die te pas bring van taalbeskouings by vertalinge.⁴⁴⁾

Wat verder die onderskeiding gunstig-ongunstig betref hang dit dikwels geheel en al van die standpunt

⁴⁴⁾ Kyk Nienaber en Hoge t.a.p.

van die groepeerder af, en van sy interpretasie, hoe 'n besondere geval geklassifiseer word. Byvoorbeeld by Hettie Smit kan ons uit die gespletenheid van haar gevoelslewe 'n mate van tweeheid in een en dieselfde diminutief vervat sien of voel: sy wil nie opgesluit en afgeslote in haar „kamertjie” leef nie, verafsku dit soms, dit word soms tot „put” met „put-gedagtes”, maar terselfdertyd voel sy dit tog ook soms as beveiligende toevlugsoord teen die koue, „liefdelose” om-wêreld. Dergelike gevalle sou dus ewe goed onder gunstige as onder ongunstige gevoelswaardes tuisgebring kan word. Nogtans noem ek hier 'n paar groepe by dié van Dr. Hoge.

(a) Lig-spottend, maar tog nie onsimpatiek nie: „dit lyk eintlik op Oom Bart se werf soos 'n halfwas veglaertjie” (Moleste); van iemand wat nog maar by die melkdrinktyd sou wees, word gesê hy is „Mamma se kindjie.... soet seuntjie” (Donker Spore, bls. 126).

(β) Selfbejammering: „Toe hou hy skielik op en sien sy *ou vaal huisie*.... en al sy verwagtinge slaan soos 'n brood toe. Kyk hoe armsalig lyk die *ou huisie!* Hy (Sarel) het 'n *paleis van 'n huis*. En hier sit hy in sy armsalige *ou pondokkie!* Hy sal dit nooit oor sy hart kry om haar in die ou pondokkie te bring nie” (Op die Plaas, bls. 19); „'n swoegende en slawende ou skoolmeestertjie — dit is hy...” (Moleste). Hierdie soort kom nie veel voor nie.

(γ) Geringstelling. Die belangrikheid of erns van 'n saak word verbloem, weggepraat of verheel, om allerlei motiewe. So praat „Marié” in Sekelmaan van 'n leuen as 'n *noodleuentjie*, en Oom Bart sê in Moleste: „my ou beste het 'n klein flatertjie begaan.” Die mees algemene van dié tipe is miskien dié wat by die meeste Afrikaanse skrywers en ouer sprekers voorkom: „Ou vrou, hoe lyk dit dan met 'n bietjie koffietjies?” Hoe geringer—of hoe geringer gestel, die gevraagde, des te geringer die moontlikheid of

waarskynlikheid van geweier te word: „Baas Frekie, hoe is dit dan vanaand met 'n stoppie twak, my basie?” (Op die Plaas, bls. 51). Let ook op die „paaiende” van die hele wyse van aanspreek hier.

(δ) Bewondering: „Hy is 'n pure ramkat van 'n *knapie* soos jy hom daar sien. O, jy sal baie ver moet soek om 'n *kêreltjie* te kry wat vir hom sal kers vashou” (Moleste); „O! Daardie *rakkertjie* kan darem vervlaks mooi dink.” (Wat Agter Lê). Dit kom nie ondikwels voor nie.

Interessant is by laasgenoemde tipe geval dié waarby, ondanks die feit dat intonasie by ons nie ortografies aangedui kan word nie, dit tog sy sins-funksie behou waar iemand met herhaling van die presiese woorde van 'n smaler of verkleineerder juis verering of bewondering getuig. As 'n klerk in Donker Spore ongelowig uitroep: „Wat! hierdie simpele roue plaasseuntjie?”, antwoord een van sy kollegas deur sy woorde met nadruk te herhaal: „Ja, hierdie simpele roue plaasseuntjie.” 'n Mens hoor dit veel meer dikwels as wat ek dit in die geëkserpeerde letterkunde aangetref het, maar ek noem dit om die reeks gevoelsoorte vollediger te illustreer.

(η) Moeilik klassifiseerbaar tensy onder hoofde van die onspesifieke amelioratiewe gevoelswaarde is ook die volgende: (i) „'n rumoerige huislike toneeltjie” (Vergeet Nie, bls. 8); vir my gevoel detoneer die diminutief hier die te sterke (gevoel van die) adjektief. Hoewel meer dergelike gevalle in die letterkunde my nie besonder getref het nie, is daarvan tog heel veel denkbaar. (ii) Die woord „deuntjie” is wel vormvas, sodat 'n mens daarby geen gevoelswaarde sal verwag nie, maar in die volgende kom dit my tog voor dat, uit die verband en as lid van 'n ongewone compositum, daar nuwe lewe in die verstarde vorm gebring word. Die geval is dié waar „Marié” (Sekelmaan, bls. 78) aan Tweetheart, wat sy op 'n gegewe oomblik so graag by haar wil hê, sê:

„Met jou hoë laggie lei ek my hartseer koud; met die komieklike *doe-doe-deuntjies* vir jou semelkind sus jy ook my skreeuende liefde aan die slaap.”

Die laaste voorbeeld voer ons tot 'n gebruik van die diminutief wat ek buite die Sekelmaan net in poësie aangetref het: 'n diminutief blykbaar gedeeltelik om die klankwaarde, die musikaliteit⁴⁵⁾ dus van sy uitgang, aangewend—dit kom naamlik dikwels gelyktydig met alliterasie voor: „Sien jy dan nie op ander dae die *piep-piepfynste blompies* langs die pad raak nie?” (bls. 12); „en die ligte *klapper-de-klap* van Tweetheart se vet *kaalvoetjies* was soos die *musiek* van die bekende ou *bokklokkies* in die berge...” (bls. 73); „Ag, liewe Heer, U kan my tog maar saggies wegneem asseblief—sommer nou byderhand en sonder moeite of omstandigheid, soos 'n los herfsblaar wat *liggies* van 'n boom *afwaai*, of soos die *wind* wat 'n ligte *skulpie* op 'n verre strand *suutjies* onder die seesand toeblaas...” (bls. 90).

Pejoratiewe waardes: Ek wil hier volstaan met 'n geringe keur uit 'n aansienlike hoeveelheid voorbeelde. Wantrouigheid: „daardie rondkykerige ogies” (Meulenaar, bls. 49); 'n atmosfeer van onheil, soos dikwels gevind in Hendrik Brand se speurverhale; 'n weemoedstemming waarin gevalle soos „die enigste ou kolletjie vuil drinkwater” (Droogte, bls. 104) en „die vaal plaas-skooltjie” (Vuurvlieg, bls. 90) voorkom—of is dit te reken onder hoofde van die „gunstige”?; afsku of afkeer: „die gemaakte glimlaggie” (Swart Hand, bls. 197) en „sy waterige ogies” (Droogte, bls. 34); nietigheidsbesef van die kleine mens in die ruimte van die heelal, soos waar Langenhoven sê: „ons bewoon 'n onbeduidende planeetjie” (Loeloeraai, bls. 64), of dieselfde besef van die mens teenoor sy Skepper, soos waar Langenhoven dit het oor „ons ou plannetjies en

⁴⁵⁾ Kyk hierby Dr. J. J. le Roux, in *Die Huisgenoot*, 6 Maart 1936.

oogmerkies" — of is dit „gunstig”?; ’n gevoel van benouing of byna vrees, soos in Doppers en Filistyne (bls. 46): „Nelie”, sê ek dan toe, nadat ek ’n rukkie gepeins het terwyl hy voor my kooi my sit en aankyk met ’n donkere gelaat asof hy alreeds hier vlak voor hom die rampsalige verskrikking oor my sien kom waarteen hy my gewaarsku het, — „*Neelsietjie*”, sê ek, „ek sal aan soetlief strenge bevele gee om nie toe te laat dat hulle my so haastig wegberge nie.”

Dit is alles net enkele verteenwoordigende grepe uit ’n heelwat langer reeks gevoelsoorte waarby diminutiva voorkom. Om kort te gaan is my bevinding dit: die diminutief kom alleen nié voor nié by uitsegginge van diep, intens of baie ernstig ervaarde gemoedsaandoeninge.... ’n punt waarop later uitvoeriger teruggekom word. Die diminutief in Afrikaans leen hom dus tot uitsegging van vrywel alle moontlike gestemdhede van nie baie hewige aard: dit is hoe die gevoelens wat aan die begin van hierdie gedeelte opgesom is, verstaan moet word.

Uit die samehang van diminutiefgebruik met die gemoedslawe van die gebruiker sal byna al kan verwag word wat verder in hierdie verband gevind is, naamlik dat, as elke skrywer apart betrag word, daar sekere gevoelsoorte is wat by die een meer voorkom as by ’n ander, en ook dat sommige ’n veelsydiger geskakeerde gevoelslawe openbaar as ander. Opvallend by Langenhoven is byvoorbeeld sy beskeidenheid en sy nietigheidsbesef — van eersgenoemde is daar minstens vier-en-dertig duidelike gevalle in „U Dienswillige Dienaar” — gemoedelikheid, intimiteit en liefkosing — laasgenoemde oorweeg byvoorbeeld in Mof en sy Mense —, en so weinig van die negatiewe of „ongunstige”. In hierdie lig besien is dit dan ook nie bevreemdend nie dat juis hý in sy weergawe van troetelende en beskermende en wakende moederliefde „toevallig” soveel verkleinwoordjies, ook normaal onbestaanbares, in Liefdes Onsin besig nie.

By Leipoldt is die gevoelskakeringe vry beperk in vergelyking met die kleinheid-gebruik by hom — bedoel word natuurlik dié waarby diminutiva voorkom. In Mikro se reeks Toiings-Pelgrims-Rou Rieme oorweeg die groep „gunstig”, in D. F. Malherbe se Bybeltrilogie vind ons byna uitsluitlik kleinheid, in Meulenaar en Skipper egter ’n goeie 40% gunstige gevoelspeling. Hettie Smit het die minste mate van kleinheid, die grootste reeks gevoelsoorte oor die algemeen en ook die meeste ongunstige waardes. By Mostert tref veral die hoë persentasie ongunstige gevoelswaardes: 14% teenoor gunstig 18% en kleinheid 68%, by Maré die weinige gevalle van die ongunstige: 1% teenoor respektieflik 33% en 66% van die res, en by Serfontein die hoë persentasie gunstiges: 41% teenoor kleinheid 53% en ongunstiges 6%. Hierdie persentasie by Serfontein is egter abnormaal in die hoogte geja deur die sterk romantiese gevoelsaard van sy eerste bundel Kort Verhale.

Alle skrywers saamgenome is wel die mees treffende — as ons die aantal bundels in aanmerking neem, die geval Langenhoven met ’n verhouding kleinheid ÷ gunstig ÷ ongunstig van 55 : 38 : 7 vir al sy bundels tesame. Wie Langenhoven ken, sal die tipiese hiervan kan waardeer. En so meen ek in die betekenisaspekte van diminutiefgebruik van elke geëksperpeerde auteur te sien ’n vry suiwer aanduiding van die besondere gevoelsbestek — d.w.s. met betrekking tot nie-hewig-ervaarde gevoelens —, waarbinne elkeen hom in sy skeppinge beweeg.

Afgesien van individuele verskille is die algemene dit: bereken oor die hele prosareeks van Malherbe, Van Bruggen, Hendrik Brand, C. M. van den Heever, Jonker, Sangiro, die Hobsons, Mostert, E. N. Marais, Léon Maré, Leipoldt, Boerneef, Mikro, Serfontein en Langenhoven kry ons ’n verhouding van die betekenis-groep kleinheid ÷ gunstig ÷ ongunstig van 68 : 24 : 8; die verste afwyking van hierdie gemiddelde, wat

bereken is oor 132 bundels,⁴⁶⁾ kry ons enersyds by Van Bruggen met 84 : 14 : 2 en andersyds by Serfontein met 53 : 41 : 6, òf, as ons hom om die hiervóór genoemde oorweging buite betrag laat, by Langenhoven met 55 : 38 : 7. Op grond van soveel ooreenkomstigheid meen ek met stelligheid die hooftrekke van die diminutiefgebruik van die ongeveer dertig Afrikaanse skrywers te mag aanvaar as geldend van die gewone taalgebruik van die gemiddelde Afrikaanssprekende.... 'n konklusie wat ek hier eers waarskynlik wou gemaak sien alvorens later daarop uit te bou.

Die gebruik in die Afrikaanse prosa omvat dus, soos aangetoon is, sterk oorwegend die groep kleinheid tot vreugde — vergelyk weer bls. 32 hiervan. Die verskille binne die groep is meestal duidelik onderskeibaar maar kom selde of nooit geskeie voor nie, en by elkeen is daar weer aparte nuanse-moontlikhede: presies wát hang af van (α) die verband met die betekenisgeheel en die gevoelstotaliteit van 'n bepaalde gedeelte en (β) die omringing deur en gevoelswaarde van sinonieme en adjektiwiese e.a. aanvulling. In hierdie verband herinner ek graag ook aan die uitspraak van M. J. Koenen: „Voor al in die woorde, welke elkaar in beteekenis naderen, in de zinverwante woorden of synoniemen, ligt de rijkdom, ligt de fijne beschaving eener taal. Hoe grooter het aantal synoniemen is, hoe nauwkeuriger deze worden onderscheiden in hun gebruik of toepassing, hoe edeler de taal! De taal wordt dan, wat Beets noemt 'een nauw luistrend instrument'.”⁴⁷⁾ Alleen dien ons verder te onthou dat dit in taal die *gees* is wat lewe en tén lewe verwek of verwek tot en ten dode. So meen ek kan inderdaad die groot totaal aan lewende sinonieme en produktiewe

⁴⁶⁾ Vir die semantiese aspekte is lys B (bls. 133) bygewerk by A, terwyl hierdie tweede lys bundels ook gedien het om my teorie omtrent stylverband en diminutiefgebruik te toets.

⁴⁷⁾ M. J. Koenen: Woordverklaring, IVde druk, bls. 19.

en veelgebruikte formantia van 'n bepaalde spraakmakende gemeenskap vir ons vry deurdringende lig werp op die ryker of armoediger geskakeerdheid van gees van daardie groep.

Om hier breedvoerig in te gaan op sinonimiek en die samehang daarvan met die diminutiefaanwending van 'n sekere skrywer of skrywersgroep, lê nie op ons pad nie. Dit sou gedoen kan word in 'n aparte psigologies-semantiese studie, waarin die diminutiefaanwending net één aspek sou wees van die hele formansgebruik. Daarom meen ek om hier nou, na die analitiese bespreking hiervóór, te mag volstaan met net twee voorbeelde om die sintetiese te illustreer. Ek haal altwee uit Oeslande, 'n bundel wat vir die doel net so goed is as enige ander, daar ek geen bundel geëkserpeer het waaruit dit nie te illustreer is nie.

Oeslande begin só: „Waar die *spruitjie* sy swaai naby die bruin ysterkoppies maak, maar nog aan die duskant van die *dorpie*, Draaikoik, is die eerste *hutjies* van die kleurlinge; eers *yl* gesprinkel.... Dan word die *strooïse skafliker* en *digter* op mekaar met hier en daar 'n beduidenis van 'n straatjie.” Hierop volg 'n (effens lang) sin oor die omgewing van die *strooïse*, en vervolgens kom die tweede paragraaf: „Hoe nader aan die *dorp* (vergelyk bo), hoe *fatsoenliker* word die *huisies*....” Hiervandaan is een van die kroekvolkies, ou Daat Willemse, al rus-rus met sy kerie „die baster opdraand onderkant die sendeling se *huis* (aan 't) uitsukkel”. Hier is duidelik nie net kleinheid of geringheid op die spel nie, èn: dit spreek nié net uit die diminutiva nie. Verdere toeligting lyk my oorbodig.

En lees ons verder, vind ons ànder nuanses om dieselfde woorde „huis” en „huisie” heen. Nita, die sendeling se dogtertjie, sê vir outa Willem: „Die bruinmense is nie soet nie! Weet Outa, Jonas het nou-die-dag my sand*huisie* omgeskop. Pappie sê hy is stout. Sal hy ook eendag in die hemel wees?” „Nie

as hy Nonnie se *huis* omskop nie!" Die kleine wat sy om haar kinderspel haar huisie noem, noem die oujong as erkenning van die ernstigheid van haar misnoeë 'n huis.

'n Laaste voorbeeld. Nita praat gedurig van haar *Pappie*, vir wie sy nie half bang is soos haar moeder en Bennie nie. Maar die sendeling se vrou, wat „nog nooit in sy geselskap juis tuis gevoel het nie" maan vir Nita „om tog nie so hard te lag en praat nie, want (haar) *pa* is aan die werk".

Was die aanduiding van dergelike finesses van gevoel oorbodig, kon die skrywer dit láát deur hom in die aangehaalde gevalle net te bedien van bv. *huis* en *pa*, wat tóg dieselfde begripswaarde het as die respektiewe diminutiva. In dié sin het Mikró, en met hom enige spreker en skrywer van Afrikaans, dus 'n keuse tussen wél of níé gebruik maak van diminutiva, d.w.s. in alle gevalle waar 'n woord gediminueerd en ongediminueerd gebruik kan word met die gevoelswaarde as die enigste semantiese verskil tussen die twee vorme.

Opm. Die gevoelswaarde hoef nie noodwendig vaste deel te wees van die vorme nie: dit kan kasueel aangewend word om, of verwek word deur die verband.

Die hierbo gesketste posisie geld van Mikró so goed as van enige ander Afrikaans-skrywer, geld dus ook van die hele taalaktiewe Afrikaanse gemeenskap.

Maar as daar tussen die taalvorme dan wel keuse bestaan, mag die vraag gestel word waarom diminutiva dan oor die algemeen so veel aangewend word, terwyl dit in uitsonderlike gevalle in ons letterkunde in uiters geringe mate voorkom? Volgens my nalesing is die antwoord hierop: dat daar blykbaar taal- of vormkeuse is; en styldwang.

Ter verduideliking van die laasgenoemde woord sy hier opgemerk dat ek uitgaan van die opvatting van